## RENOSTERSTROPERY IN NOORDWES

# Elf op een plaas geskiet


## Geen voorvalle tot eienaar om permitte aansoek doen

JOHANNESBURG. – Geen renoster is gestroop in die 15 jaar dat Braam van Greuning sy jagplaas Hartzhoogte Game Ranch besit nie, totdat hy sowat ses weke gelede by Noordwes se departement van omgewingsake aansoek gedoen het om 'n renoster te verkoop. Sedertdien is 11 renosters gestroop.

Minstens vier van hulle is die afgelope week gestroop.

Een van die renosters wat die stroping oorleef het, het ses skietwonde in sy lyf. Dit lyk of die meeste renosters met AK47-aanvalsgewere geskiet is.

Terry Bengis van Outraged South Africa Citizens Against Poaching (Oscap) het 'n beroep op Chris Hattingh, die DA se parlementêre verteenwoordiger in Noordwes, gedoen om druk op onder andere premier Thandi Modise uit te oefen om 'n behoorlike ondersoek na die amptenare in die kantoor vir landbou, bewaring en omgewingsake (in Noordwes) te doen.



**Dié renoster is ses keer deur stropers op die jagplaas Hartzhoogte Game Ranch geskiet.**

Bengis het in 'n brief aan Hattingh geskryf as die Noordwes-regering nie tot só 'n ondersoek instem nie, moet Edna Molewa, minister van omgewingsake, gedwing word om dié kantoor onder die sentrale regering se beheer te plaas "totdat korrupsie in alle vorme uitgeroei is".

Volgens Bengis is dit "uiters ontstellend dat daar géén voorvalle van renosterstropery op dié plaas was tot die eienaar aansoek om Cites-permitte gedoen het om die diere na 'n veiliger plek te verskuif en hulle te onthoring nie.

"Daar is omstandigheidsgetuienis van sameswering (samewerking) tussen die provinsiale owerheid en die oortreders. Dié departement is in Januarie al in die parlement deur die portefeuljekomitee oor omgewingsake in die kollig geplaas en uitgewys "as verdag".

Van Greuning het die eerste dooie renosterbul gekry kort nadat hy aansoek gedoen het om 'n permit om 'n renoster te verkoop. Dié renosterbul het nog sy horing gehad.

"Ons het spore in die veld gekry waarna ons die polisie en Noordwes-natuurbewaring gekry het," het Van Greuning gesê.

" 'n Week later is nog 'n renoster in die kamp geskiet.

"Ek het vir die polisie en natuurbewaring gesê hulle kan gratis op my plaas bly. Hulle moet net iets doen, want hier is moeilikheid aan die kom."

Die permit waarom Van Greuning aansoek gedoen het, het hy eers verlede week gekry.

Hy lê die skade voor die deur van Noordwes-natuurbewaring en veral die Vryburg-kantoor, omdat hulle "voete sleep" met die uitreiking van permitte. **– Hilda Fourie en Elise Tempelhoff**


# Williams-susters wil terugkeer na SA

**Lourensa Eckard**

JOHANNESBURG. – Serena Williams het haar suster Venus gister by die Ellis Park-binnenshuise tennisbaan in Johannesburg behoorlik ore aangesit tydens 'n vriendskaplike wedstryd.

Die twee tennissterre het mekaar in 'n stampvol arena die stryd aangesê sonder om eens behoorlik op te warm.

Serena het 6-3, 6-4 geseëvier.



**Serena Williams in aksie.** Foto: LERATO MADUNA

Die Williams-susters het Saterdagoggend in Suid-Afrika geland ná 'n besoek aan Lagos in Nigerië, waar Venus vir Serena in 'n vriendskaplike wedstryd geklop het.

"Ons ouers wens eintlik ons maak beurte om te wen, maar voor elke wedstryd wens hulle ons albei sterkte toe," het Venus Saterdag op 'n nuuskonferensie by Montecasino in Fourways, noord van Johannesburg, gesê.

Die twee was duidelik uitgeput, met Serena wat per ongeluk gesê het dit is lekker om uiteindelik in Australië te wees.

"Goeiste, ek bedoel Suid-Afrika," het 'n verleë Venus gesê nadat die gehoor saggies onderlangs begin giggel het.

Tydens hul wedstryd gister was Serena duidelik ernstiger as haar ouer suster.

Venus het grappies gemaak met die skare en danspassies uitgevoer wanneer sy 'n punt aanteken. Albei susters het gesê Suid-Afrika het in hul harte ingekruip.

"Ek sal vinnig weer terugkeer. Dit is die meeste pret wat ek in jare gehad het," het Serena gesê.

■ Nog 'n berig op bl. 15.

# Kaapse Dokter sorg vir vlieërfees

**Annelie Maré**

KAAPSTAD. – Die wind het só lekker gewaai by die Kaapstadse Internasionale Vlieërfees dat 'n stuk of tien sandsakke en selfs 'n Toyota Hilux-bakkie ingespan moes word om van die reuse-vlieërs te anker.

Die fees word jaarliks gehou ten bate van Cape Mental Health, wat geestesgesondheidsdienste aan minder gegoede gemeenskappe bied.

Terwyl die helderkleurige paddas, 'n sneeuman, 'n heks op haar besem, 'n reusagtige oranje vis en 'n inkvis in die lug rondgedobber het, het tientalle families ook hul eie vlieërs op die Zandvlei-feesterrein in Muizenberg laat vlieg.

Vanjaar se tema skakel ook in by Cape Mental Health se nuwe slagspreuk, "fokus op vermoë".

"Wanneer 'n gestremdheid by iemand gediagnoseer word, is die fokus altyd op wat hulle nie kan doen nie," het Ingrid Daniels, direkteur van die organisasie, verduidelik. "Daar is nog steeds baie wat hulle kan doen . . . en ons wil veral kinders opvoed om nie teen ander te diskrimineer nie."

Met dié tema in gedagte is skole gevra om spesiale stringe diamantvormige vlieërs te versier.



**James Moger (3) van Observatory konsentreer Saterdagmiddag hard om sy vlieër te beheer by die 18de Kaapstadse Internasionale Vlieërfees in Muizenberg. Van die reuse-vlieërs behoort aan vlieërmeesters van oor die hele wêreld – van Singapoer tot Turkye, Duitsland, Indië en Maleisië.** Foto: JACO MARAIS

Die Dorothea Skool vir Spesiale Onderrig op Stellenbosch en die Primêre Skool Christel House van Ottery het pryse vir die mooiste ontwerpe ontvang.

Verskeie internasionale vlieërmeesters is ook genooi om hul mooiste vlieërs hier uit te stal en om werksessies saam met Kaapse kinders aan te bied.

Gadis Widyati Riyadi van Singapoer, wat 'n reusagtige lemurvlieër saamgebring het om by die fees ten toon te stel, sê haar vlieër is soos 'n paspoort wat haar om die wêreld help reis.


"Ek geniet klasgee die meeste," het sy vertel. "Hierdie soort fees gaan nie net oor geld insamel nie, maar oor die aktiwiteite wat mense uit verskillende agtergronde bymekaar bring.

"Om 'n vlieër te laat vlieg wat jy self gemaak het, is soos 'n baba wat sy eerste tree neem. Partykeer val hy om, maar hoe meer jy aanhou, hoe minder gebeur dit – totdat jy presies weet hoe om die lyn stabiel te hou."

## Op ons App

**Lees en kyk in vandag se uitgawe van *Die Burger* op iPad:**

**Galerye:**



**Vlieërs dans by Muizenberg:** Die wind het sommer lekker gewaai by die Internasionale Vlieërfees ten bate van Cape Mental Health.

**Video's:**

**Karin praat oor boek:** Die skrywer Karin Brynard gesels oor haar jongste boek, *Onse Vaders*. Sien resensie op vandag se Boekeblad.

**Besoek aan die Hartmuseum:** Leerders wat tuisgaan by Die Burger-Strandhuis het die Hartmuseum by die Groote Schuur-hospitaal besoek.



**Infografika:**

**Lekker by die see:** Die Burger-Strandhuis bestaan reeds 54 jaar. Kyk na al die opvoedkundige uitstappies wat leerders tydens 'n besoek hier onderneem.


SHOPFITTING DEPOT
info@shopfittingdepot.co.za
www.shopfittingdepot.co.za



Die klerereling wat die beste verkoop in Suid-Afrika!
VERKOOPMANS-RELINGS
NOU WEER IN VOORRAAD
Slegs R1395
Insluitend BTW
021 511 8445
Winkel C6, Northgate Island, Sectionstraat 1, Paardeneiland

Wonderlike besigheidsgeleentheid in Basiese Opvoeding
Besit en bestuur een van Marisa vd Merwe (Shoprite/Checkers Woman of the Year 2012) se vindingryke MiniChess agentskappe.
Kinders leer speel-speel hoe om komplekse logika-gebaseerde probleme, soos teenwoordig in wiskunde, wetenskap en die alledaagse lewe, met selfvertroue aan te pak en op te los in 'n weeklikse skaak kurrikulum. Die resultaat is dissipline, konsentrasie, lewensvaardigheid en wiskunde/wetenskap prestasie.
Gaan na www.minichess.co.za onder *new business opportunity* en vul die kontakvorm daar in, of skakel 083 562 7198.
MiniChess™

VERLENGDE UITVERKOPING
GROOTSTE REEKS IN SUID AFRIKA

| | | | |
|---|---|---|---|
| MOSAIEK-TEËLS | vanaf 12,95 per vel | KERAMIEK VLOERTEËLS | vanaf 49,95 m² |
| MUURTEËLS | vanaf 39,95 m² | SLATETEËLS | vanaf 69,95 m² |
| PATROON VLOERTEËLS | vanaf 49,95 m² | GEPOLEERDE PORSELEIN TEËLS (1ste graad, nano afwerking) | vanaf 89,95 m² |
| HOUT REEKS TEËLS | vanaf 49,95 m² | SANDSTEEN TEËLS | vanaf 99,95 m² |

malls tiles
Paardeneilandweg 51, Paarden Eiland, Kaapstad
Tel: 021 510 5500 Webwerf: www.mallstiles.com
Prys sluit BTW in • BF&W • Bepalings en voorwaardes geld • Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk • Haal en Betaal • Geen Handelaars
23110 E.&O.E.

GSCID
AJV: Groote Schuur-gemeenskapsverbeteringsdistrik NPC
Die Groote Schuur-gemeenskapsverbeteringsdistrik nooi alle belanghebbende en geaffekteerde partye om die tweede Algemene Jaarvergadering by te woon op Maandag, 26 November 2012 om 15:45 vir 16:00 in die Belmont-konferensiesentrum (Breakaway Kamer 3), Belmontweg Rondebosch.
R.S.V.P teen 14 November 2012 by micheleb@gscid of skakel 021 685 0016.

Cape Dentures
'n Tandheelkundige praktyk toegespits op kunsgebitte
Ons dienste sluit in: kunsgebitte • implantate kroon & brug • porselein venere • tandbleiking tandkleurige vullings • mond higiënis • mondskerms (terwyl u wag) ens.
Vroegtydige reëlings verseker 'n kwaliteit gebit dieselfde dag. Mediese fonds tariewe geld.
Park Lane Office Park h/v Alexandra rylaan en Parklaan, Pinelands - langs Vincent Pallotti Hospitaal. Gratis Parkering.
Dr P van Greuning en assosiate



Herstel van kunsgebitte terwyl u wag.
VISA
Tel: 021 511 1992 • e-pos: capedentures@jaywalk.com


### KENNISGEWING VAN PUBLIEKE DEELNEMINGS PROSES BASIESE INVLOEDBEPALINGS PROSES

Eskom SiVEST

DEA VERW. NR: 14/12/16/3/3/1/613
DEA&DP VERW. NR: 16/3/1/6/6/D7/9/0089/12
SIVEST VERW. NR: 11032

KENNISGEWINGDATUM: 5 NOVEMBER 2012

**AANSOEK VIR DIE VOORGESTELDE INSTALLERING VAN 'N 132KV ESKOM KRAGLYN (±27KM) VANAF DIE OUTENIQUA SUBKRAGSENTRALE (Plaas 21/27) NA DIE OUDTSHOORN SUBKRAGSENTRALE IN OUDTSHOORN IN DIE WES-KAAP**

Kennis word hiermee gegee in terme van Regulasie 54 van die Omgewings Impak Regulasies (2010) soos gepubliseer in Staatskennisgewing R543 in Staatskoerant No. 3306 op 18 Junie 2010, onder Afdeling 24(5) van die Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998), dat 'n aansoek ingedien is deur Eskom Holdings SOC Ltd. (Applikant) vir die konstruksie van 'n 132kV Kraglyn (+-27km) vanaf die Outeniqua Subkragsentrale (Plaas 21/27) na die Oudtshoorn Subkragsentrale in Oudtshoorn in die Wes-Kaap.

SiVEST Environmental is aangestel deur Eskom Holdings SOC Ltd. as die onafhanklike omgewings praktisyn om aansoek te doen vir Omgewingsmagtiging vir die bogenoemde projek by die Nasionale Departement van Omgewingsake.

**AANSOEK VIR OMGEWINGSMAGTIGING:**
Die voorgestelde projek moet voldoen aan die Omgewings Impak Regulasies (2010) soos gepubliseer in Staatskennisgewing R543 in Staatskoerant No. 3306 op 18 Junie 2010, onder Afdeling 24(5) van die Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998). Die projek is onderhewig aan 'n Basiese Invloedbepalings Proses en die volgende gelyste aktiwiteite is van toepassing: Staatskennisgewing R.544 Aktiwiteite: 10, 11, 18 en 22 asook Staatskennisgewing R.546 Aktiwiteite 12, 13 en 16.

**GELEENTHEID OM DEEL TE NEEM:**
SiVEST bied u die geleentheid om kommentaar te lewer op die voorgestelde projek. Belanghebbende partye word uithgenooi om te registreer en kommentaar op die projek op skrif te stel. Belanghebbende partye moet asb. die DEA en SiVEST verwysingsnommers in alle korrespondensie insluit. Korrespondensie moet Belanghebbende partye se naam, kontak besonderhede (e-pos /faks en telefoon) en enige direkte besigheid, finansiele of persoonlike belange binne **40 dae (14 Desember 2012)** vanaf die datum van hierdie kennisgewing bekend maak aan die ondergemelde persone:

**Rachelle Stofberg, SiVEST Environmental**
Suite 299, Privaat Sak 15
Somerset Wes, 7129.
Tel: **021 852 2988** • Faks: **021 852 2660**
Epos: **rachelles@sivest.co.za**

**Jana Jordaan, SiVEST Environmental**
Suite 299, Privaat Sak 15
Somerset Wes, 7129.
Tel: **021 852 2988** • Faks: **021 852 2660**
Epos: **janaj@sivest.co.za**

**HIERDIE ADVERTENSIE IS OOK IN ENGELS OP AANVRAAG BESKIKBAAR**

'n AFSKRIF VAN DIE KONSEP BEPALINGS VERSLAG, OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM EN AGTERGRONDSINLIGTINGS DOKUMENT IS BESKIKBAAR BY DIE DE RUST PUBLIEKE BIBLIOTEEK (14 BURGER STRAAT, DE RUST, 6650, Tel: 044 241 2105) ASOOK BY CJ LANGENHOVEN MEMORIAL BIBLIOTEEK (VOORTREKKER STRAAT, OUDTSHOORN, 6620, Tel: 044 272 2221/272 2231 ext 111) EN OP SIVEST SE WEBTUISTE: WWW.SIVEST.CO.ZA ONDER DIE "DOWNLOAD" tab (KIES 11032 Eskom OUTENIQUA-OUDTSHOORN BA).


Dros®
MAANDAG-GEKKIGHEID!
Geniet ons spesiale aanbod op Maandae...
'n sappige, ontbeende ribbetjie-burger bedien met skyfies, uieringe en GRATIS APPELBOTTER-SOUS!
19,95



GRATIS APPELBOTTER-SOUS!
GRATIS KOFFIE KOOPBEWYS
KNIP UIT EN HANDIG KOOPBEWYS BY JOU NAASTE DROS-TAK IN EN ONTVANG 'N GRATIS KOPPIE FILTERKOFFIE MET ELKE ONTBYTBESTELLING!
Geldig elke dag tot 31 Desember 2012.
Slegs beskikbaar op Maandae gedurende Novembermaand. Nie geldig vir wegneemete of om te deel nie. Geldig solank voorraad hou. Slegs by deelnemende Dros-restaurante.
NOU OOP:
Windhoek - Tel: +264 61 302 751,
Somerset-Wes - Tel: +27 (0)21 851 7447.
Vir franchise-navrae, kontak Rene Jordaan by +27 (0)12 342 9592 of stuur e-pos na rene@dros.co.za
'cause you can't get too much of a good thing!
Dros® RESTAURANT & WINE CELLAR